

11 April

Skrifgedeelte: Genesis 42:29-38
Fokusgedeelte: Genesis 42:37

Hoe gebruik jy jou verantwoordelikheid as eersgeborene?

Elkeen van ons, klein en groot, het sekere verantwoordelikhede – teenoor ons gesin en vriende, ons troeteldiere, ons besittings, ons beroepe, om net 'n paar te noem. Maar hoe gebruik ons hierdie verantwoordelikhede?

As die eersgeborene het Ruben 'n besondere posisie beklee. As die oudste moes hy leiding neem wanneer hulle pa nie daar is nie. Maar om 'n leier te wees, is nie altyd maklik nie. Leierskap bring sekere verantwoordelikhede en bekommernisse. Hoe gebruik Ruben hierdie verantwoordelikheid? Toe sy broers vir Josef wou vermoor, neem hy leiding. Hy sien die onreg en stel voor dat hulle hom eerder in die put moes gooi (Gen. 37:21-22). Sy broers erken sy gesag, volg sy voorstel en so spaar hy Josef se lewe. Maar hoe ver skiet sy leiding nie tekort nie! As gelowiges is ons verantwoordelikheid tog eerstens teenoor die Here. As geliefdes dwaal, moet ons hulle deur vermaning na God se wil teruglei. In plaas daarvan om God se eer te soek en hulle tot bekering te roep, kies Ruben 'n halfhartige uitweg om sy broers gelukkig te hou.

Ruben kry egter 'n tweede kans. Hy kan 'n nuwe begin maak! Met Josef het hy sy pa in die steek gelaat, want sy broer is weg. Hierdie keer sal hy seker maak hy slaag! Hy wys sy erns deur twee van sy seuns se lewens op die spel te plaas! Maar steeds ontbreek die verantwoordelike “as die Here wil”!

Sy voorstel word verwerp! Die verantwoordelikheid val op Juda (Gen. 43:8-11). Oor sy onverantwoordelikheid neem die Here later sy leierskap weg en gee dit aan Juda (1 Kron. 5:1-2). Uit Juda sal die ewige Koning kom wat altyd sal regeer! Wat altyd na sy Vader se wil vra en ons verantwoordelik lei in die volle waarheid – ons Here, Jesus Christus. As Eersteling stel Hy nie sy kinders se lewe op die spel nie, maar Hy gee sy eie lewe, sodat ons sy mede-erfgename kan word. Nou kan ons aan sy eersgeboortereg deel hê!

In Christus is ons die Here se “eersgeborenes” (Heb. 12:23), gesalf tot konings (HK So 12). As eersgeborenes moet ons in die donker wêreld verantwoordelik leiding neem. Hoe gaan ons lei? Stry teen die sonde – verantwoordbaar teenoor God?

Sing: Psalm 33:3, 7 (1936)

Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg-Suid)